

Voer Droë Koeie Reg vir 'n Beter Laktasie in die Toekoms

(Geskrif deur: Steyn Pretorius, Diervoedingskundige, Wesfed voere) Julie 2014

Die voeding en bestuur van droë koeie is uiters belangrik vir toekomstige melkproduksie, algemene gesondheid en verhoogde reproduksie syfers in en voor die volgende laktasie. 'n Gebalanseerde rantsoen wat spesifiek geformuleer word vir koeie tydens die droë periode kan help om metaboliese steurnisse te voorkom.

Die doel van 'n gebalanseerde dieet in die droë koei is om die koei se kondisie tussen 3 en 4 te handhaaf. Dit kan bereik word deur 'n laer energie rantsoen gekombineer met genoegsame proteïen, minerale en vitamieë te voer. Dit sal die koei laat kalf met voldoende vet, proteïen en metaboliese reserwes om 'n gesonde kalf te speen en nie te veel kondisie te verloor tydens kalwing en vroeë laktasie nie. 'n Vars koei is hoofsaaklik afhanklik van vet reserwes vir energie tydens die eerste 6 tot 8 weke van laktasie, dus is dit belangrik dat voldoende maar nie oortollige vet reserwes opgebou word tydens die droë periode nie. As die energie reserwes nie voldoende is tydens vroeë laktasie nie sal die koei 'n negatiewe energie balans ontwikkel wat tot 'n verlaagde piek melk produksie en oormatige liggaams gewig verlies sal lei. Teen 8 tot 12 weke na kalwing is die droë materiaal inname van die koei op sy hoogste. Tydens dié tyd begin die koei die vet reserwes, wat tydens vroeë laktasie gemobiliseer was, weer op te bou.

Daar is verskeie roumateriale wat gebruik kan word om 'n gebalanseerde droë koei rantsoen te formuleer. Ruvoer en grane maak normaalweg die grootste komponent van 'n droë koei voer op. Die tipe ruvoer wat gebruik word in droë koei rantsoene is baie belangrik. Sekere ruvoere kan metaboliese steurnisse veroorsaak en moet teen die regte voedingspeile ingesluit word om dit te voorkom.

Ruvoere soos mielie kuilvoer moet verkieslik nie meer as 50% van die ruvoer komponent van 'n rantsoen opmaak nie. Dit kan veroorsaak dat die koei oor-kondisie is en die probleme soos hierbo genoem kan aanhelp. Koeie wat tydens die droë periode te vet raak kan probleme soos "Displaced Abomasum", kalwings probleme, dystocia en Ketosis optel. Peulgewas hooie soos lusern en medics moet nie meer as 30 persent van die ruvoer component uitmaak nie. Oorvoeding van 'n peulgewas kan oortollige proteïen, kalsium en fosfaat innames veroorsaak wat kan lei tot "udder edema", melk koors en ketose.

Natuurlik of aangeplante gras weidings is ideal vir droë koei voeding, dit kan aangevul word deur 'n kombinasie van gras weidings en ander ruvoere soos kuilvoer of lusern te voer, afhangend van die kwaliteit van die weiding.

Die graan komponent van 'n droë koei rantsoen is normaalweg klein en word gebruik net om die energie balans te optimiseer as ruvoere soos

kuilvoer en hooi nie voldoende energie kan verskaf nie. Gewoonlik word net 'n klein persentasie graan benodig om aan die energie behoeftes van die droë koei te voldoen. Die insluiting van grane help ook om die rumen mikrobiëse populasie te onderhou wat gewoon is aan 'n hoë graan dieet (tydens laktasie) en help met mineraal opname.

Konsentrate kan gebruik word as insluiting in droë koei rantsoene. Die voordeel van aangekoopte konsentrate is dat die konsentraat deur 'n gekwalifiseerde voedingskundige geformuleer word en die regte balans van proteïen, minerale, energie en vitamienes bevat om in te sluit by die ruvoer component – dit maak dit maklik vir die boer om 'n rantsoen te meng op die plaas.

Die voeding van die droë koei vind in twee fases plaas, die “far off” fase en die “close up” fase. Die laasgenoemde staan ook meer bekend as opstroom. Dit is die periode net voor die koei weer begin melk produseer.

Die “far off” fase strek vanaf opdroog tot 3 weke voor laktasie weer begin. Tydens die tyd moet die koei se rantsoen aangepas word volgens liggaamskondisie en nutriënt behoeftes. Die koei se liggaamskondisie moet tussen 3 en 4 gehou word tussen die tydperk. Dit kan gedoen word met die regte voedingsbestuur. Al is dit meer effektief om die regte kondisie telling te kry tydens laat laktasie kan dit ook bereik word tydens die droë periode. Die voeding van 'n matige energie gebalanseerde rantsoen behoort die koei in 'n positiewe energie balans te hou, en verhoed dat sy kondisie verloor.


Die “close up” of steamup fase is die laaste 3 weke van die droë periode. Tydens hierdie tyd is daar verskeie veranderinge in die nutriënt

behoefte van die koei. Tydens hierdie fase word die koei se rumen weer aangepas tot die gekonsentreerde rantsoen wat tydens laktasie gevoer sal word. Die rumen se mikrobiëse populasie verander ook tydens hierdie tyd, die vesel verterende mikrobies verminder en stysel verterings mikrobies vermeerder – dit word aangehelp deur die ruvoer komponent stelselmatig te verminder en die konsentraat komponent te verhoog om die aanpassing te vergemaklik.

Die verandering sal ook help om te voldoen aan verhoogde nutriënt behoefte wat gepaard gaan met die groeiende fetus in die koei. Die aanvullende voeding sal help met enige gewigsverliese as gevolg van laat dragtigheid.

Dit is van belang dat die proteïen en mineraal komponente van die rantsoen gehandhaaf word terwyl die graan komponent verhoog word.

Droë koei voeding kan verskeie voordele na vore bring. Dit kan help met 'n beter piek laktasie, hoër melkproduksie en 'n gesonder kudde vir die toekoms. Met die regte bestuur kan voeding tydens die droë periode uiters wingewend wees in die toekoms.

Wesfed het 'n reeks produkte wat spesifiek vir koeie tydens die droë periode geformuleer is. Kontak ons gerus met navrae. 



Email: steyn@wesfed.co.za

Website: <http://www.wesfed.co.za/>

Cell: +27 72 444 2062

Work: +27 22 433 4706

Moorreesburg

7310